

WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:
Die Reformatoriese Beweging van
Suider-Afrika in samewerking met die
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte /
The Reformational Movement of
Southern Africa in coordination with the
Bureau for Scholarly Journals

•
WINTER-UITGAWE – 2009

WINTER EDITION – 2009

Vol. 49 no. 408

•
REDAKTEUR /
EDITOR

Bennie van der Walt

•
ARTIKELREDAKTEURS /
FEATURE EDITORS

Jan Swanepoel, Bennie van der Walt,
Michael Heyns, Willemien du Plessis,
Nico Vorster, Leentie de Lange, Esmé
van Rensburg, Marlies Taljard

•
MEDEWERKENDE REDAKTEURS /
CONTRIBUTING EDITORS

Lourens du Plessis, Nic Olivier,
Attie van Niekerk, Johan Snyman,
Allan Munro, Amie van Wyk

•
BUROBESTUURDER &
TEKSVERSORGING /
BUREAU MANAGER & TEXT EDITING:

Susan Lourens

FORMATERING / FORMATTING:

Santie Lourens

Bertha Oberholzer

FINANSIES & ADMINISTRASIE /

FINANCE & ADMINISTRATION:

Erika Otto

•
Redaksionele stukke en
korrespondensie /

Editorial articles and correspondence:

Woord en Daad / Word and Action

Privaatsak / Private Bag X6001

POTCHEFSTROOM 2520

RSA

•
Tel. (018) 299-4081

Faks/Fax 086 564 7983

E-pos / e-mail:

Susan.Lourens@nwu.ac.za

•
FUNKSIONARISSE / OFFICIALS

Jan Swanepoel

(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)

Amie van Wyk

(Visevoorsitter / Vice chairman

REBSA / REMSA)

•
INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:

RSA R70 Ander / Other \$35

•
Gedruk deur / Printed by

IVYLINE Technologies,

Potchefstroom

VOORBLAD – Erika Otto

BWT



INHOUD

HOOFARTIKEL

- 1 Reformatoriese identiteit
Bennie van der Walt

PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

- 3 The idea of reformation: a few historical landmarks
B.J. van der Walt

MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

- 9 Struggling to die well: aspects of Scottish missions in the Eastern Cape
J.S. Ross
- 12 Zoeloe-Gereformeerdes in die noorde van KwaZulu-Natal: kerk van Christus ... of nie?
F. Krüger
- 16 Medical mission and pioneer evangelism in Africa
H. Wiher
- 19 Warmth from stone churches: experiences of the church in Eastern Europe
F. Sawyer
- 26 Ethical accounting conduct: a contradiction in terms?
P. Buys
- 29 Hoe onafhanklik en doeltreffend kan 'n regbank wees?
K. Malan
- 33 Nog 'n toets! Nog 'n opdrag! Wanneer is dit genoeg?
M. Scott van Wyk

RESENSIES

Resensies verskyn op p. 8, 37-40

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek, weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and not necessarily those of the Editorial Board.

Reformatoriese identiteit

Ons word op verskillende maniere gedurende 2009 herinner aan die begrip *reformasie*. Calvyn, die “re-formator van Genève”, se geboorte 500 jaar gelede (1509) word wêreldwyd op ’n verskeidenheid maniere herdenk. In ons eie land het die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika so pas sy 150-jarige bestaan gevier. Ná die eerste werklike algemene sinode (waarby sowel blanke as swart gemeentes verteenwoordig was) is ’n konferensie gehou met as tema “Gereformeerde identiteit”. Dit het geblyk nie eenvoudig te wees om te definieer wat “gereformeerde” of, dalk ’n beter term, “reformatories” presies inhou nie. Dalk kan ’n mens by die sestiende-eeuse Reformasie gaan kers opsteek vir meer duidelikheid.

’n Komplekse oorgangstyd

Die vyftiende tot sestiende eeu was ’n tyd van ontwrigting en onsekerheid op feitlik alle lewensterreine. Op kerklike terrein was daar onrus oor die verval van die Roomse Kerk; gereelde pesepidemies (die Swart Dood) het mense uitgewis; op landbougebied was daar ’n krisis en hongersnood het dikwels voorgekom; grootskaalse verstedeliking het ontworteling meegebring – dít nog afgesien van talle streeks-oorloë.

Terselfdertyd was dit ’n tyd van verandering en verbreding van die horison. Dink maar aan die ontstaan van die boekdrukkuns (op papier), die ontdekkingsreise van onder andere die Portugese, nuwe wetenskaplike ontwikkelings (soos bv. Kopernikus se idee van ’n heliosentriese wêreld). ’n Nuwe wêreld was besig om gebore te word!

Wanneer ’n mens ’n onbekende toekoms betree, het jy egter rigting nodig, norme en waardes wat die koers kan aandui. Dit is merkwaardig hoeveel geestestromings voor en tydens die sestiende eeu na vore getree het om nuwe koers in ’n tyd van krisis aan te dui. Enkeles word kortliks genoem.

- **Vroeë reformatore en vroeë humaniste**

Die vroeë reformatore (bv. Huss en Wycliffe) en die vroeëre (Christelike) humaniste (bv. Dante) wou vir ’n nuwe koers na die verlede teruggaan – meer spesifiek, na die Kerkvaders (soos Augustinus). Die vroeë reformatore was egter geboei deur die *Christelike* element by die vroeg-Christelike denkers, terwyl die humaniste meer belang gestel het in die Grieks-Romeinse element wat die ou Kerkvaders in hulle denke betrek het. Latere humanistiese denkers (bv. Boccaccio) het nog meer sekulêr gedink. Hulle ideaal was die herlewing van die voor-Christelike antieke Griekse en Romeinse denke in sy oorspronklike, suiwer vorm voordat dit met die Christendom vermeng is.

Albei hierdie groepe was op die ou einde teleurgestel: hulle kon nie die denkwêreld van die eerste vier eeue na Christus laat herleef en as “inspuiting” vir ’n nuwe koers in hulle eie tyd gebruik nie. Die uurwerk van die geskiedenis kan mos nie teruggedraai word nie!

- **Renaissance: wedergebore uit eie krag**

Kopernikus, Bruno, Kepler, Bacon en ander Renaissance-denkers verwerp die reprimasie van die Humanisme. Hulle het weinig belangstelling in die verlede gehad en het alle klem op die hede gelê, waarin die mens hom uit eie krag sou wederbaar. Wedergeboorte word hier dus in ’n sekulêre sin verstaan. Die Renaissance was die begin van die sekularisering van die Weste. Die res van die lewe is nie net van kerklike oorheersing bevry nie, maar ook van die religieuse verhouding tot God self.

Verskillende reformasies

Die sestiende-eeuse Reformasie kom tot stand op ’n tyd dat die weë uiteengaan.

Dié tyd kondig die *einde* aan van die rol wat die Christendom vir ongeveer duisend jaar (500-1500) in die Weste gespeel het en die *begin* van die sekularisering van die Westerse kultuur.

Die protestantse Reformasie moes met meer sekulêre geestestrominge rekening hou, asook met verskillende Christelike reformatoriese bewegings. Die Rooms-Katolieke Kerk het besef dat daar vernuwing moes kom. Daar is ook nog verskeie strominge wat soms as die “radikale” reformasie aangedui word. Laasgenoemde groep (wat die Anabaptiste ingesluit het), het hulle inspirasie vir ’n nuwe toekoms nie in die verlede gesoek nie, maar wou op revolusionêre wyse die hede omverwerp. Gedryf deur utopiese verlange, wou hulle God se koninkryk reeds nou en hier ten volle verwesenlik.

Die unieke van die protestantse Reformasie

Teenoor al bogenoemde rigtingwysers na ’n nuwe toekoms in ’n tyd van krisis, bied die sestiende-eeuse protestantse Reformasie ’n eie alternatief. Hulle verwerp die repristinasië (terug na die verlede) van die prerformatore en Christelike humaniste. Ook die Renaissance se oplossing van wedergeboorte uit eie krag was volgens die reformatore net ’n mooi droom – ’n mens kan tog nie jousef aan jou eie skoenveters optel nie! Revolusie met die oog op die verkryging van ’n hemel op aarde was volgens hulle ook die najaag van ’n lugspieëling. Maar wat as nóg die verlede, nóg die hede, nóg die toekoms ’n oplossing bied?

Die diepste motief van die sestiende-eeuse Reformasie was nie ’n terugkeer na ’n perfekte verlede, of reaksie teen ’n afgeskrewe verlede, of ’n utopiese verlange na ’n volmaakte toekoms nie. Die oplossing het volgens hulle dus nie gelê op die *horisontale vlak* van die menslike geskiedenis nie. Hulle unieke oplossing – wat vandag nog relevant is – het op die *vertikale vlak* gelê: in bekering tot God, sy Woord en sy wil.

’n Ryke spyskaart vir die winter

Die leser vind in hierdie winteruitgawe van *Woord en Daad* in die eerste plek ’n artikel wat verder oor die idee van reformasie besin. Daarna kuier ons ’n bietjie rond by die kerklike gereformeerde wêreld van vandag.

Eers vertel dr. John Ross van die jarelange werk van die Free Church of Scotland in die Oos-Kaap (vroeëre Transkei), terwyl dr. Fritz Krüger meer vertel oor die werk in KwaZulu-Natal saam met die Nederlandse Gereformeerde Kerke.

Hierna verskuif die fokus na Wes-Afrika. Dr. Hannes Wiher en sy eggenote, dr. Claire-Lize Wiher, het oor baie jare in Guinee, ’n oorwegend Moslemland, gewerk en deel hulle ervarings met die lesers.

Reeds sedert die sestiende eeu is die gereformeerde geloof in Hongarye teenwoordig en het dit – ten spyte van herhaalde swaar vervolging – tot vandag oorleef. Selfs die kommunistiese skrikbewind kon die kerk nie uitdelg nie. Prof. Frank Sawyer (dosent by Sárospatak, een van die oudste gereformeerde teologiese skole), verskaf in hierdie verband interessante inligting.

Terug op eie bodem

Na hierdie interessante toer word ons in die volgende afdeling weer met ons eie Suid-Afrikaanse probleme gekonfronteer. Onder die aktualiteite wat aangesny word, is eerstens die etiek van rekenmeesters, tweedens die vraag of ons Suid-Afrikaanse regbank werklik doeltreffend is en op onpartydige onafhanklikheid aanspraak kan maak. Wie die afgelope tyd die pers dopgehou het, sal weet hoe ’n aktuele aangeleentheid hierdie is. Ten slotte word assessering op onderwysgebied ook aangeraak.

Die redaksie hoop dat hierdie winterdis gedurende die koue wintersaande vir ons lesers interessante, maar ook inspirerende leesstof sal bied.

Bennie van der Walt
(Uitgaweredakteur)

The idea of reformation: a few historical landmarks

B.J. van der Walt
School of Philosophy, Potchefstroom Campus,
North-West University

As the official journal of the Reformational movement of Southern Africa, *Word and Action* wants to promote reformational thinking and action. What exactly is meant by the word *reformation(al)*? Is it not an outdated concept, rather to be replaced by the contemporary and popular idea of transformation?

Is reformation not an outdated concept to be replaced by the contemporary and popular idea of transformation?

To provide more clarity on the idea of reformation, this article will have a look into the past to determine some original meanings of the concept. It will discuss its meaning in the New Testament, in the Greek Fathers, the Latin Church Fathers, during the Middle Ages and finally the sixteenth century Reformation. In conclusion specific reformational ideas will be emphasised. A brief definition will summarise the results.

New Testament perspectives on reformation

Well-known Biblical concepts of renewal, such as, *rebirth*, *conversion*, *confession of guilt* and *sanctification* are closely related although not identical with the idea of reformation. They are the deep religious roots, the starting points or foundations of the Christian concept of reformation.

Reformation without *regeneration* is impossible. South Africa was the first country to progress so far in medical terms that dr. Chris Barnard could perform a heart transplant on an almost dying patient. However, what does this help if many South Africans have not yet received a spiritual heart transplant? Rebirth means a new heart, which has the implication that people have to begin to live anew in a personal relationship to Christ and should also be involved in the needs of their fellowmen, regardless of race or language. Whoever hopes for socio-political renewal without a new, reborn heart, builds his reformational efforts on quicksand.

The same is true of *conversion*. One could call conversion and reformation the inside and outside of the same issue. Reformation without an awareness of sin and confession of guilt is excluded. Sanctification could simply be called ongoing, daily conversion.

Two different words for newness

The two most general words for *new* in the New Testament have an interesting difference in meaning. The Greek word *kainos* indicates the totally new, totally different – that which has not been before, and that has been effected by the saving death of Christ. Through Him creation is freed of the old and released into the new. The second word, *neos*, more often carries the connotation of a new beginning in time, a renewal of the old (*palaios*). One could therefore say

that the former word has a more *qualitative* and the latter word a more *temporal* meaning. The New Testament (and especially Paul) use both (and their derivations) to indicate the fundamental and comprehensive renewal of man.

Usually the two concepts are supplied with the prefix *ana* (= again) for example, *ananeosis* (= renewal – the same as the Latin *renovatio*). Other words (with prefixes) which are also important in this regard, are *anaplassein* and *metamorfoosis* (= reformation, transformation – the same as the Latin *reformatio*) and *apokatastasis* (= recovery – the same as the Latin *restitutio, restauratio*).

Both retrospective and prospective

Even together with the prefix *ana-* (or *re-* in Latin) the element of the new still remains the dominant, and not the retrospective element suggested by the prefix. At the same time the novelty is understood as similarity of the new state of being with the perfect, original state of being. Reformation therefore has the double connotation of newness and original goodness. In *reformare* the *forma* means that something has been newly shaped to form and firmness. And the prefix *re* (back/again) indicates the foregoing norm or model according to which the formation of the new occurs. Reformation presupposes brokenness or sinfulness, and therefore indicates the retrieval of an original perfection with a view to an improvement of even the original. Reformation includes, apart from this protological, also an eschatological dimension: it is not mere repetition, but also an expectation of God's perfecting work of the future.

I would very much like to do an exegesis of the five best-known renewal texts. As a result of the lack of space this will not be possible, however, so I only quote them: Romans 12:2; 2 Corinthians 3:18; Ephesians 4:22-24; Colossians. 3:9, 10 and Titus.

3:5. From all these texts together we find the following basic thoughts: The believer has an ongoing task to break away from the old (sinful) person and to be renewed towards the original state of being an image of God. Our example in this is Christ (*the Image of God*), and this is made possible by way of our rebirth through the Holy Spirit. The purpose of the renewal is to get to know God's will again and to obey it.

Reformation presupposes brokenness (sinfulness) and indicates the retrieval of an original perfection (an improvement of even the original), and also an eschatological dimension: an expectation of God's perfecting work of the future.

Reflecting the image of Christ

The Pauline doctrine of man's renewal in Christ made a strong impression on the Church Fathers of the first centuries after Christ. One could even say that the idea of *reformatio* or *renovatio ad imaginem Dei* was the central concept in patristic thought. Reformation to them was renewal, and renewal, according to them, could not be detached from the basic idea of recreation in the image of God. They noted the core of the Christian faith: not a religion of the old, the status quo, but a marvellous faith in the new, an ongoing renewal of creation. There was, however, a difference between the Eastern and Western Fathers.

The idea in the Greek (Eastern) Church Fathers

We find three basic concepts in the Greek Fathers which outline their concept of reformation: the retrieval of

man's being an image of God, the return to paradise, and the representation of the divine kingdom on earth. The man who has found his lost image again, and thus also the lost state of paradise, is also once again the representative of God's kingdom on earth. Only once he is *imago Dei* again, can man be a reformer!

Reformation was for them, a return to the high position which man had to relinquish in paradise. This is not a purely archaeological or eschatological idea, because reformation has to take place in this world. Although not yet so strongly developed, the idea of the Greek Fathers about reformation is not purely individualistic. They already see something of the link between personal renewal and social reformation.

A weakness

In the Eastern church there is still too much stress on the mystical concept of renewal towards the image of God as assimilation with God (making man divine), the vision of God by the individual purified soul, and the resultant regaining of paradise. The ascetic *vita contemplativa* is still far more important for them than the *vita activa* (for example, care for the poor, the sick, strangers) which emerges more strongly in the Western church.

Viewpoints of the Latin (Western) Church Fathers

Two clear differences of the Western church with the Eastern were therefore the following: the social character of reformation emerges far more clearly in the West, and the West does not remain stuck at the restorative or retrospective meaning of reformation (reformation does not have such a strong temporal meaning with them), but the prospective also emerges. In Tertullian, for example, we find the concept of *melius reformare* or *reformatio in melius*, that is reformation towards something better. (A habit cannot be the criterion – truth is more important than tradition.) From their

various writings one gets the clear impression that reformation for the Western *patres* is more connected with the idea of progression than of regression.

Development of the idea during the Middle Ages

Already during the patristic period the Biblical reformational concept of renewal towards the image of God was extended to the reformation of the individual Christian and the Christian communities in the monasteries. It was also the case in Gregory the Great (Pope from 590-604), who used the concepts *reformare* and *renovare* to indicate the personal reformation of the Christian through the grace of the Holy Spirit as well as of Christian groups (such as monks), but not of the church as a whole.

Gradual widening of the concept

Gregory VII (Pope from 1073-1085) used the same words to indicate the reformation of the church itself. According to him the deformation of the church assumed such proportions that the whole hierarchical structure of the church had to be reformed to protect personal renewal and to save Christian society.

A third step followed when Innocentius III (Pope from 1198-1216) stated the necessity of reformation not only for the individuals or the monastic communities and the church, but for the whole of *Christianitas*, that is, for politico-socio-economic life as well.

The period from the Church Fathers to the Middle Ages therefore reveals a clear line of development: from reformation of the individual Christian to the reformation of the whole *corpus Christianum*.

Sixteenth-century reformation, especially Calvin

In his *Institutes* (1559), Calvin used different words, *reformatio*, *renovatio*, *reparatio* and *regeneratio* and their corresponding verbs. (Cf. especially *ICR* 1.15.4; 2.3.1; 2.3.7; 2.5.15; 3.3.9; 3.11.6; 3.17.5 and 4.15.5). The similarity between Calvin and the basic ideas of the Church Fathers, especially Augustine, was striking. The well-known Pauline renewal texts also emerge again.

The religious roots

Calvin stressed strongly the deepest religious roots of reformation: Reformation of the heart is the heart of reformation!

In the first place *repentance* is needed. And the two sides of true repentance are the dying of the old and the rebirth of the new. The beginning of *rebirth* (regeneration) requires the self-crucifixion of sinful man.

Calvin stressed strongly the deepest religious roots of reformation: Reformation of the heart is the heart of reformation!

The purpose of repentance and rebirth is to restore in us the *image of God*, which had been affected and almost obliterated by Adam's transgression. In no less than four of the few references from the *Institutes* mentioned above, Calvin states that reformation means the reformation or renewal or reinstatement of God's image in us. Together with Paul (2 Cor. 4:4) he interprets being the image of God as true justice and holiness.

After the forgiveness of sin and the granting of righteousness in Christ, we are thus reformed to a new life through the mercy of the Holy Spirit. The whole of the soul (will and intellect) should be

reformed. Calvin also stressed the fact that the renewal comes from God and not from us.

All-inclusive reformation

If one reads only his *Institutes*, one may well think that Calvin believed only in personal reformation. This is not the case, however. We know from history, and many careful studies during the past five decades have confirmed this, that this centrally-religious renewal of man was a powerful dynamo which changed the whole society of the Alpine city of Geneva. Calvin was not only the reformer of the individual and the church, but also of the socio-economic-political life of his time.

Calvin was not only the reformer of the individual and the church, but also of the socio-economic-political life of his time.

Points to be emphasised

From the brief survey of the first 1 500 years of the history of Christendom interesting facts have emerged, for example the simple fact (which protestants often do not know) that the sixteenth-century reformation was not the first or the only reformation in history. A few points have to be stressed.

- In the first place, it has emerged that the change which reformation envisages is not only a *temporal* change (of the present back to the past) but a *qualitative* change. Stated differently, the element of the *again/back* (*reformare*), the retrospective or restorative, is not the most important, but rather the new or prospective is more important.

The essential meaning of the sixteenth-century reformation, therefore, did not reside in its being a *historical change* in the *horizontal dimension of time*. Its

deepest motive was a *religious change* in the *vertical dimension of the relationship towards God and his will*. Its driving force was not conversion to the past, a reaction to the past, acceptance of the *status quo* or an idealisation of the future. The dynamic behind the movement was conversion to the sovereign God and his ordinances.

- In the second place we learn more about the *religious core of reformation*. It emerged that the first step on the road of reformation is not what you do to the world around you or for God, but what you do to yourself and what is done for you by God. Repentance and conversion are painful processes, but reformation cannot begin without them. In this regard we can also learn something important for our own country. Reformation means that you first have to kill the sin within yourself before you can relive and be of help to others.

Reformation means that you first have to kill the sin within yourself before you can relive and be of help to others.

- A third important point is the idea of *reformation towards being image of God* through the work of Christ and the Holy Spirit, to be able to know the will of God (in creation and in Scripture) and to live accordingly. Only in an obedient relationship one can reflect God's image. Disobedience implies the reflection of surrogate gods.
- In the fourth place an important insight of especially Calvin was his emphasis on *semper reformanda*, continuous reformation. If this does not happen, the result will be gradual deformation. Our reformational task, therefore, was not completed during the sixteenth century and will never be completed

until God creates a new heaven and a new earth.

- In the last place we learn from history something about the *strategies of reformation*. It seems that there is no fixed recipe. At times it is necessary first to concentrate on individual, personal reformation and then finally arrive at the wider social context. In Luther the reformer developed in the folds of a monk's habit. His reformation was born out of a lonely personal struggle in a monk's cell. At times exactly the opposite is needed: start with the terrible social injustice and work through to the individual. In Zwingli the reformer was born in a humanist's toga, and even in soldier's uniform. His reformation was born in the midst of demanding work in a congregation, during the politico-social unrest of his day, and even on the battlefield.

Even asceticism can sometimes be a strategy for reformation. At times it is essential to withdraw oneself, at times you have to move into society at large, and at times both actions are needed simultaneously.

It would also seem that, because one can never give attention to everything at the same time, a reformer has to have a keen sense of which parts of the sinful world offer the greatest seduction or threat, and challenge these.

A final definition

The preceding can be summarised as follows: Reformation is the deliberate, fearless, positive willingness of Christians – Christians with real repentance, acknowledgement of guilt and humility and in deep dependence on God according to Biblical guidelines of renewal towards the image of God through the Holy Spirit – to know God's will and to live in accordance with it, and with cognisance of the good from the past, without ceasing to improve the relatively good. Further, to combat evil in all its manifestations, that is individually and structurally, and so to

strive for and affect the radical, total, and integral renewal of individual and society. The Christian has to do so in

accordance with strategies which will challenge the issues of the day in the most affective manner.

Heys, Clifford. 2009. God se Name: wat dit vir jou beteken.
Wellington: LuxVerbi.BM. 160 p. Prys: R89,95. ISBN: 978 07963 0863 4.

Resensent: *F.P. Kruger*
Gereformeerde Kerk Meyerspark

Die boek, beskikbaar in sagtebandformaat, is 'n aktuele boek vir gelowiges wat in veranderende tye leef. Die skrywer het ten doel om God met hierdie boek aan sy lesers bekend te stel. Hy slaag op voortreflike wyse hierin. Die skrywer beweeg met 'n gemaklike geselstrant deur die onderskeie teologiese dissiplines, sonder om die onderskeie velde by die naam te noem. Die boek is inderdaad 'n boek vir teoloë sowel as vir lidmate wat nie noodwendig oor al die tegniese en teologiese agtergrond beskik nie. Dit is boeiend sonder om op omslagtige wyse die vooropgestelde doel, naamlik die bekendstelling van God, uit die oog te verloor.

Sestien name wat vir die Here gebruik word, word in aparte hoofstukke bespreek: God die Skepper, Here, die Here van die leëskare, die Here genees, die Here van vrede, die Here is daar, die Here is my Herder, die Here voorsien, die Here gee die oorwinning, die Here heilig ons, God die almagtige Een, God van die lewe, die ewige God, Hoop van Israel, ons Heer en ons Vader.

Die boek slaag daarin om die Bybel aan die woord te stel. Al die name van God word met bewysvoering uit die Bybel aangehaal en dan verder op 'n eenvoudige en waarde-toevoegende wyse belig. Die eenvoudige wyse waarop dit geskied, is daadwerklike waarde-toevoeging. Die teoretiese uiteensetting van die Name word ingekleur met daadwerklike, praktiese sake waarmee gelowiges te make kry. Aktuele sake wat aan die orde gestel word, is die onvergeetlike grootheid van God in die skepping, die leer van die engele, God en siekte, vrede, die Nuwe Hervorming, die vraag na die sin van die lewe asook die behandeling van die gebed en die onderskeie gebedshoudings.

Aan die einde van die boek bied die skrywer ook handige sleutels: vir die leser is daar 'n inoefening van die name, asook 'n baie bruikbare indeks van Skrifgedeeltes. Die boek is 'n baie belangrike toevoeging op die rak van gelowiges. Die boek kan van harte aanbeveel word vir enigiemand wat meer wil lees oor God se name en hoe dit in die Bybel aangewend word.

Struggling to die well: aspects of Scottish missions in the Eastern Cape

John S. Ross

Dumisani Theological Institute, King Williams Town

Henry Venn (1796-1873), the evangelical Anglican missionary thinker, is famous for two fascinating ideas: the “three-selves” doctrine – that mission churches become self-supporting, self-governing and self-propagating – and the concept of “euthanasia of mission”, that once the task of establishing a viable church has been completed, the founding mission “dies well”, withdrawing and handing over full ecclesiastical responsibility and control to the ministry and members of the church.

Henry Venn, the evangelical Anglican missionary thinker, is famous for two fascinating ideas: the “three-selves” doctrine and the concept of “euthanasia of mission”.

Euthanasia of a mission

In the early twentieth century Venn’s ideas were enthusiastically embraced by the United Free Church of Scotland, whose missionary policy was to establish in each of its fields fully organised “native” churches. In Scotland the term *native* was used in a very broad sense, meaning people residing in a particular locality. In South Africa, however, it connoted people belonging to an indigenous ethnic group, as distinguished from the descendents of European colonists.

James Henderson, the principal of Lovedale Institution in the Eastern Cape between 1906 and 1930, was probably the

author of a short unattributed policy document, now in the Lovedale collection at Cory library, Grahamstown, which was submitted, around 1910, to the foreign missions committee of the United Free Church. Entitled *Our missions in South Africa*, it asks the committee to recognise the inadvisability of fostering the establishment of two parallel churches: one led by Scottish ministers, comprising of a membership drawn largely from European colonists, and the other drawing its membership and ministry from the mainly Xhosa indigenous people. Henderson’s plea was for a homogenous church “inclusive of different races dwelling in that country”. He also reminded the committee that they ought to think about the euthanasia of their mission, which “naturally ends when the native church has become self-supporting, self-governing and self-propagating”. But instead of easing foreign control, the authority of the presbyteries of the Presbyterian Church of South Africa had been undermined by removing the missionaries from their jurisdiction by placing them in mission councils directly accountable to the church in Scotland.

The fourth-self

In their important book *Constants in context* (2004), Catholic missiologists, Stephen B. Bevans and Roger P. Schroeder describe various approaches to mission, including one whose goal was not only the saving of souls and the extension of the church, but also the discovery of truth in its widest meaning. This educational approach found great favour with the Scots of the nineteenth and early twentieth centuries: in India it came to expression through the work of John Wilson in Bom-

bay and Alexander Duff in Calcutta; in Peru it resulted in the establishment of Colegio San Andres (St. Andrew's School) in Lima; in South Africa it gave rise to the Lovedale Missionary Institute, and its offspring, the South African Native College – now the University of Fort Hare.

It was hoped that by encouraging the development of an indigenous Christian intelligentsia, the transforming effects of the gospel would trickle down through the various strata of society, but it is questionable whether this approach actually worked. Perhaps, that ought not to surprise us when our Lord's approach was primarily directed to "the great throng who heard him gladly" (Mark. 12:37); and St. Paul argued that "God chose what is foolish in the world to shame the wise ..." (1 Cor. 1:27). Nevertheless, one benefit of the educational approach is well worth pointing out, namely that it dignified those to whom it was made by recognising that all are educable; not, however, in the sense that human minds are empty vessels needing to be filled, but rather in the recognition that they are able to make useful connections between what they already know and what is new. This approach, as the Scottish missionaries were to discover, had profound implications, both ecclesiastically and theologically. As Bevans and Schroeder point out, it leads inexorably from Venn's "three-selves" doctrine to a fourth-self, namely that mission churches also become self-theologising.

Developing a *Confessio Africana*

So far in its theologising the African church has not yet felt motivated to attempt the formulation of complete confessions. A number of impressive theological statements have been produced, such as the Belhar Confession (1986), and the more recent Accra Confession: Covenanting for justice in the economy and the earth (2004). These confessions do not, however, encompass the full range of doctrines required as ecclesiastical bonds of fellowship and instruments of discipline. Where European confessions have been adopted, the relationship to them is often

ambiguous. Sometimes they are little more than an accident of history arising from the relationship with the founding church. At worst, they have been imposed on African churches through constitutions drawn up by Westerners, and required as a basis for continuing support and cooperation. Whilst we cannot justify a merely nominal adherence to church confessions, we ought not be impatient; after all, 1 500 years elapsed before the emergence of the first European reformed confessions.

It is now over fifty years since the idea was first mooted of a *Confessio Africana*, an authentically African confession of faith in which the existential situation of the church is taken into consideration. Since then little has happened. In the face of the many contemporary cultural, theological, political and ethical challenges, some might feel the work is long overdue. South African politics are now entering the "post struggle era", and it is interesting to speculate what this might mean for African theology.

South African politics are now entering the "post-struggle era", and it is interesting to speculate what this might mean for African theology.

On the one hand, it is not difficult to understand how the impact of negative cultural, historical, political and other influences may dispose African Christians to feel little enthusiasm for the classic confessions. Nor can it be argued that confessions actually belong to the *esse* (true being) of the church, though it may be argued they certainly belong to the *bene esse*, the well-being, or the *plene esse*, the full-being, of the church. Neither should we forget that the Reformation was, in part, the product of the Humanist interest in Biblical studies and that a worthwhile *Confessio Africana* is unlikely to emerge until a solid foundation in Biblical studies has been laid. The relationship of Biblical studies to confessionmaking is illustrated by the story of the nineteenth century Eastern Cape

Methodist missionary, William Shaw, who once had the delicate task of suggesting to generous and well-meaning English lady supporters of his mission that the clothes they had so lovingly made for his Xhosa converts were not ideal. Much better, he said, just to send the cloth. Precisely!

Just as God guided and enabled the Reformers to find Scriptural answers to their specific historically and culturally conditioned questions, He can do the same for African leaders today.

It is thrilling to consider the African church doing what the European reformers did in seeking answers to its questions and concerns not from pre-existing traditions loaded with someone else's intellectual and cultural baggage, but through the process of interpreting directly from Holy Scripture, its own theological and cultural struggle. If the idea of *Confessio Africana* alarms us, we may take heart from the thought that just as God guided and enabled the Reformers to find Scriptural answers to their specific historically and culturally conditioned questions, He can do the same for African church leaders today.

Failures and successes

The Scottish Church in the Eastern Cape failed to deliver the church Henderson favoured, one "inclusive of all the different races dwelling in that country". This was due in part to its own inadequacy, but also to general societal constraints. Henderson had lamented that while the Scottish Church had established "the Christian ideal" of successful homogenous congregations in Manchuria, India, and even in Jamaica, in South Africa it was obstructed, because "there is largely prevalent among the colonists a sentiment adverse to association with the African native". Nevertheless, there were successes that helped to offset the failures, not least a flourishing

Xhosa Presbyterian church and, despite initial shortcomings, a successful joint venture involving both Xhosa and Scottish missionaries which succeeded in establishing a Presbyterian church in what is now Malawi.

In the educational sphere there was the establishment of more or less racially integrated education at Lovedale Missionary Institution, giving rise in the late nineteenth century to a Xhosa Christian intelligentsia. This network of gifted intellectuals, whose influence touched and enriched the lives of thousands, included luminaries such as Tiyo Soga, the first Xhosa Presbyterian minister and translator of *The pilgrims progress* into Xhosa, and his Scottish educated son, the ethnologist, Dr. John Henderson Soga. There were also the Xhosa hymn-writer and poet, John Knox Bokwe, newspaper columnist and minister, Isaac Williams Wauchope, Tengo Jabavu, the founder of South Africa's first black newspaper, *Imvo zabantsundu*, and his son Professor Davidson Don Tengo Jabavu, founder of the All-African National Convention (AANC) and Professor of Latin and Bantu languages at Fort Hare. In addition Gwayi Tyamzashe, William Wellington Gqoba, Elijah Makiwane, Walter B. Rubusana, and Pambani Jeremiah Mzimba were all prominent in this Xhosa renaissance. It was Bokwe's son-in-law, the educationist, church leader and African nationalist, Z.K. Matthews who once described them all as "leaders [who] drank deep at the springs of western civilisation and yet ... remained true Africans, loyal to the best traditions of their people and good examples of what has been described as the African personality". In later decades, these eminent Christians, bravely grappling with the challenges of modernity and black identity, were cruelly deprived of a voice, but we can be grateful that in God's providence much of what they wrote has been preserved for future generations, who, standing on the shoulders of such giants, may rise to the challenge of writing an authentically African confession of faith; if that is indeed an authentically African thing to do.

Zoeloe-Gereformeerdes in die noorde van KwaZulu-Natal: kerk van Christus ... of nie?

F. Krüger

Nederlands Gereformeerde Zending, Nqutu

In kerklike kringe word soms na swart kerke verwys as “die sending”, en hierdie kerke word nie werklik aanvaar as volwaardige kerke nie. Dit geld ook vir die kerke wat ontstaan het uit die sendingwerk van Nederlandse sendelinge in die noorde van Kwazulu-Natal.

Nederland – Suid-Afrika

Ongeveer 50 jaar gelede is vanuit Nederland begin met sendingwerk in die Nqutu-distrik. Deur die loop van jare het verskeie sendelinge hier gewerk. Tans werk di. Tjeerd Baron en Fritz Krüger nog in die Nqutu-distrik, en ds. Sietse Veenstra in Madadeni, ’n groot woonbuurt net buite Newcastle. Al drie is uitgestuur deur die *Nederlands Gereformeerde Kerken* in Nederland. Die Gereformeerde Kerke Newcastle en Vryheid doen ook sendingwerk op Scheepersnek, ’n boerdery-gemeenskap net buite Vryheid, en in Bhekuzulu, Vryheid se eertydse “lokasie”.

Groeiende kerke

Tans is daar ongeveer 1 300 belydende lidmate en 750 dooplidmate in die Zoeloesprekende gemeentes van die *Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* in die noorde van KwaZulu-Natal. Saam met die Zoeloe-gemeentes in die suide van Natal is daar waarskynlik meer Zoeloesprekende Gereformeerdes in KwaZulu-Natal as Afrikaanssprekendes!

In die noorde van KwaZulu-Natal word lidmate bedien vanuit vier gemeentes: die Gereformeerde Kerke eKwandeni, Muny-

wana, KwaNdindindi en iSandlwana. Elke gemeente het ’n eie predikant, en is saamgestel uit vyf tot sewe preekposte, wat in wese klein gemeentes is wat, as gevolg van groot afstande, nie saamgevoeg kan word nie. Elke Sondag word daar dus, met die hulp van preekhelpers, in ongeveer 30 kerke eredienste gehou.

Omdat die aanvanklike “sendingkerke” intussen gegroei het tot volwaardige kerke, word eerder van *ekumeniese hulpverlening* aan kerke gepraat. Primêre sendingwerk word nog gedoen, maar daar word veral gefokus op opleiding en toerusting van kerkleiers, en op gemeentebou.

Die gemeentes is nie meer sendingposte nie, maar selfstandige gemeentes met eie kerkrade. Die vier gemeentes het ’n samewerkingsooreenkoms met 40 gemeentes van die *Nederlands Gereformeerde Kerken* in Nederland. Hierdie kerke koördineer hulle hulp aan die Zoeloekekerke deur middel van die *Nederlands Gereformeerde Zendingvereniging Nqutu* en die *Stichting Zending Zuid-Afrika*. Tans behels dié hulp hoofsaaklik finansiële steun en hulp in die vorm van sendelinge. As gevolg van die groot armoede in hierdie deel van die land, is die vier gemeentes finansiëel volledig afhanklik van die Nederlandse kerke.

Hierdie konstruksie het ontstaan nadat in Nederland lank besin is oor die vorm waarin sending tans gedoen word. Omdat die aanvanklike "sendingkerke" intussen behoorlik gegroei het en tot volwaardige kerke ontwikkel het, word tans eerder van *ekumeniese hulpverlening* aan kerke gepraat as van *sendingwerk* in die tradisionele sin van die woord. Dit beteken nie dat primêre sendingwerk nie meer gedoen word nie – intendeel – maar wel dat nou veral toegespits word op opleiding en toerusting van kerkleiers, en op gemeentebou.

Gereformeerd – en tóg anders

Wanneer 'n mens kyk na die Zoeloesprekende Gereformeerde Kerke in die Nqutu- en Madadeni-gebiede, moet 'n mens liever jou tradisionele kerkbril afhaal en met vars oë kyk. Daar is groot verskille tussen hierdie kerke en die gemiddelde voorstedelike blanke gemeentes van die GKSA. Die eredienste word baie beter besoek, die liturgie is herkenbaar Gereformeerd, maar veral die sang is baie meer lewendig en entoesiasties – dikwels begelei met handeklap en dans in plaas van musiekinstrumente – en kerkgangers se beleving van die eredienste is baie meer vreugdevol en spontaan. Die gemeentes is opvallend kleiner, die kerkgeboue meestal uiters primitief (selfs armoedig), en die soort infrastruktuur wat in blanke kerke as vanselfsprekend aanvaar word, ontbreek hier totaal. Die Zoeloesprekende gemeentes groei ook vinnig – in teenstelling tot soveel krimpende blanke gemeentes. Tog bely ons dieselfde geloof as ons blanke broers en susters, en daarin lê die hart van ons eenheid met mekaar.

Uitdagings en kritiese vrae

Die Zoeloegemeentes worstel met uitdagings wat binne die konteks van die GKSA redelik uniek is (vanuit die perspektief van blanke gemeentes gesien). Dis onmoontlik om al die uitdagings hier in diepte te bespreek, en daarom noem ek slegs enkele.

- **Armoede**

Werkloosheid in die plattelandse gebiede waar ons woon en werk, is ongeveer 90%. Baie mense het wel die afgelope paar jaar toegang gekry tot staatspensioen en die verskillende toelaes wat die staat uitbetaal. Dit het egter tot gevolg dat die tradisionele bestaansboerdery en geldlose ruilekonomie plek gemaak het vir 'n geld-ekonomie, waardeur baie mense tans selfs groter armoede beleef as in die verlede. Soms leef 'n uitgebreide gesin van tien of twaalf mense op een ouma se staatspensioen van minder as R1 000 per maand.

Die armoede maak dit vir die gemeentes moeilik om in te skakel by die strukture van die GKSA, want alles (veral ramings) kos geld – baie geld! Die kritiese vraag word dus gevra: is dit reg dat ons deelwees van 'n kerkverband aan bande gelê word deur ons armoede? Is voldoende finansiële middele werklik 'n voorwaarde vir kerkwees? En les bes: is dit reg dat kerke uit die buiteland, deur middel van hulle finansiële steun aan ons kerke, in werklikheid die kerkstrukture van die GKSA subsidieer? 'n Ander groot vraag: hoe troos 'n mens 'n honger persoon met 'n evangelie van woorde?

- **HIV en VIGS**

Een van die jong predikante het opgemerk dat ons kerke van die dood geword het. Dit, terwyl ons geroep is om die evangelie van lewe te verkondig!

Net soos in Swaziland (80 km noord van hierdie gebied), is die infeksiesyfers van HIV en VIGS skrikwekkend hoog – van die hoogste in die wêreld. Tot soveel as 40% van vroue wat voorgeboorteklinieke in die distrik besoek, is HIV+. 'n Baie groot deel van hierdie kerke se pastorale werk is daarom gefokus op besoeke aan en begeleiding van persone wat met VIGS leef. Die epidemie het ook reeds begin om onder kerkleiers slagoffers te eis.

Begravnisse neem elke week die meeste van die tyd in beslag – soveel so dat een van die jong predikante opgemerk het dat ons kerke van die dood geword het. Dit, terwyl ons geroep is om die evangelie van lewe te verkondig!

Vanselfsprekend is die gevolge van VIGS nie beperk tot mense se gesondheid nie: dit raak ook die samestelling van gesinne, veroorsaak steeds groter armoede (broodwinners is dikwels van die eerstes om te sterf) en laat baie weeskinders agter – wat alles 'n groot impak op kerkwees het. Dit het vir hierdie kerke 'n kritiese vraag geword hoe om die golf van sterftes en begravnisse op so 'n manier te hanteer dat die hoop en lewe wat ons in Christus het en mag verkondig, nie verlore gaan nie.

- **'n Kerk van vroue en kinders**

Die Zoeloekerke bestaan grotendeels uit vroue en kinders (kyk goed na die syfers hierbo: ons kerke is vol kinders). Zoelomans is tradisioneel baie gefokus op sosiale status en die verkryging van mag. Wanneer mans lidmate van die kerk word, verwag hulle dus om vanselfsprekend leiersposisies en ampte te beklee, en wanneer dit blyk dat dit nie kan nie, is daar vir hulle ook geen rede meer om in die kerk te bly nie.

Mans is ook die beskermers van die tradisionele kulturele en godsdienstige praktyke, wat dikwels bots met die hart van die evangelie van Jesus Christus wat ons verkondig. Daarby is die gemeenskap redelik arm aan mans: verreweg die meeste wat kan en wil werk, woon in die groot stede en werk daar. In die gemeenskap word daar dus dikwels neerhalend na die Gereformeerde Kerke verwys as die kerk van vroue.

Dit sal niemand verbaas dat een van ons grootste gespreksonderwerpe tans die rol is wat vroue in die kerk kan speel nie. Kan ons die gevolgtrekking maak dat, omdat daar geen mans in 'n gemeente is nie, daar dus ook niemand in enige van die dienste bevestig mag word nie? Die volgende gevolgtrekking sou wees dat 'n gemeente dus nie kan bestaan waar daar nie mans is nie. Is dit so?

- **Jongmense**

Die tradisionele Zoeloekultuur is skerp gefokus op vrugbaarheid en seksualiteit. Veral die jongmense beleef die negatiewe kant hiervan baie sterk. Jongmeisies word nie as hubaar beskou voor hulle nie hulle vrugbaarheid bewys het deur een of meer kinders te hê voor hulle trou nie. Mans (ook tienerseuns en jongmans) beskou seksuele omgang met vroue as hulle reg, en 'n manier om hulle manlikheid te bewys. Die hele onderwerp van seksualiteit is ingebed in 'n skrikwekkende netwerk van mites en bygelowe, waardeur dit 'n geweldige houvas kry in die lewens van hierdie jongmense.

Die hele onderwerp van seksualiteit is ingebed in 'n skrikwekkende netwerk van mites en bygelowe, waardeur dit 'n geweldige houvas kry in die lewens van hierdie jongmense.

- Focus on the long term reputation. Accountants should try and ignore short term pressures and focus on his/her long term reputation.
- Be prepared to face personal consequences. The ethical accountant often faces two choices; let go of ethical standards and get certain benefits, or be ignored when promotional opportunities arise.

Finally, should the ethical accountant face ethical problems that cannot be satisfactorily resolved, he/she have no other option but to resign his/her position.

Hoe onafhanklik en doeltreffend kan 'n regbank wees?

Koos Malan

Departement Publiekreg, Universiteit van Pretoria

Hierdie bydrae behandel die rol van die regbank in 'n grondwetlike demokrasie, die trefwydte van die regbank se onafhanklikheid en die vraag tot welke mate die onafhanklike regbank by magte is om die parlement en die uitvoerende gesag tot orde te roep en sy stempel rigtinggewend op die openbare orde af te druk.

Konstitusionalisme

Konstitusionalisme impliseer in wese *beperkte regering*, dit wil sê dat politieke maghebbers deur 'n stel beperkende maatreëls aan bande gelê en tot reëlmatige en voorspelbare optrede verbind word. Daar is talle maatreëls vir beperkte regering beskikbaar. Daaronder tel territoriale en funksionele federalisme, waardeur wetgewende en uitvoerende mag geografies of funksioneel verdeel word. Verder ook minderheidsregte en in die besonder die reservering van sekere instellings vir minderheidsgemeenskappe. Daarbenewens magsdeling op uitvoerende vlak en konsosiatiewe demokrasie, wat voorsiening maak vir 'n grondwetlik voorsiene koalisie-regering wat die samestellende gemeenskappe van die staat verteenwoordig. Vervolgens ook 'n verskanste, oftewel moeilik wysigbare grondwet, wat die staatsgesag tussen die wetgewer, die uitvoerende gesag en die regbank verdeel en wat fundamentele regte bevat wat in die laaste instansie deur die howe bereg en afgedwing word.

Vertroue in die regbank

Gedurende die grondwetlike oorgangstydvak in Suid-Afrika vanaf 1990 tot 1996 is federalisme, minderheidsregte en konsosiasie ferm afgewys. In plaas daarvan is bykans alle vertroue op 'n onafhanklike regbank geplaas, wat die verskanste grondwet met sy fundamentele individuele regte moes bereg. Dié meganisme is onvermoeid deur 'n feitelik eenstemmige korps van politici en politieke kommentators as die waterdigte strategie van konstitusionalisme en regsbeskerming gepopulariseer. Dit het beduidend bygedra tot die vaste oortuiging dat die howe 'n rigtinggewende politieke rolspeler is. Dit het meegebring dat die geloof in die verreikende mag van die onafhanklike regbank sedertdien een van die sentrale mites van die huidige grondwetlike orde geword het. Terselfdertyd is die ander meganismes van konstitusionalisme sedertdien verwaarloos, of nog meer, as onvanpas en oorbodig afgewys. Die vaste oortuiging in die vermoë van die howe het gepaard gegaan met 'n versuim om die beperkings van hierdie meganisme in te sien – dit in weerwil daarvan dat die kwessie deeglik nagevors is en dus nie onbekend is nie.

Onafhanklikheid

Wat word met die onafhanklikheid van die regsprekende gesag bedoel, en wat is nie by die onafhanklikheid van die regbank inbegrepe nie? Onafhanklikheid van die regbank hou wesenlik die volgende in:

Gedurende 1990 tot 1996 is federalisme, minderheidsregte en konsosiasie ferm afgewys, terwyl bykans alle vertroue op 'n onafhanklike regbank geplaas is.

- niemand anders behalwe regsprekers self mag die funksie van regspraak behartig nie;
- niemand, veral nie lede van die uitvoerende of die wetgewende gesag mag aan regsprekers voorskryf of hulle beïnvloed in die uitvoer van die regsprekende funksie nie;
- lede van die regbank moet sekuriteit van posbekleding en besoldiging geniet, wat beteken dat regsprekers nie aan die risiko van afdanking, demovering, verlaagde besoldiging of dergelike risiko's moet blootstaan indien hulle byvoorbeeld uitsprake teen die regering gee nie;
- regsprekende personeel moet oor die algemeen self reëlings met betrekking tot die toedeling van sake en die reël van hofrolle tref; en
- die dissiplinerings van regsprekende personeel weens wangedrag moet grotendeels deur die regbank self behartig word.

Die transformasie van die regbank strook met die rol van regbanke in alle demokrasieë en met die veranderings wat regbanke moet ondergaan ten einde hulle breedweg deel van die politieke magselite te maak en met die politieke uitgangspunte van dié magselite in pas te bring.

Onafhanklikheid van die regbank gaan egter beswaarlik verder as dit. In die besonder is die regbank allermens iets soos 'n "amptelike opposisie" van die regering van die dag. Teweens, die regbank is in die laaste instansie 'n vertakking van een en dieselfde magselite wat in die wetgewer en die uitvoerende gesag die botoon voer. Die regbank onderskei sigself daarin dat dit 'n gespesialiseerde sektor van daardie toonaangewende magselite is. Dit is weliswaar so dat die regbank in 'n oorgangstydperk ná 'n regeringsoorgang juis weens regters se sekuriteit van hulle posbekleding, nie in pas met die (nuwe) regerende elite in die ander twee takke van staatsgesag is nie. Weens die feit dat die politieke maghebbers egter altyd die beslissende sê oor die aanstelling van regsprekers het, kom die regbank egter, na mate nuwe aanstellings gemaak word, spoedig in pas met die wetgewer en die uitvoerende gesag. Die deurlugtige Amerikaanse politieke wetenskaplike Robert Dahl se opmerkings oor die Amerikaanse Hooggeregshof is allerweë, ook op Suid-Afrika, van toepassing. Dahl merk op:

Except for short-lived transitional periods when the old alliance is disintegrating and the new one is struggling to take control of political institutions, the Supreme Court is inevitably a part of the dominant national alliance. As an element of the political leadership of the dominant alliance, the court of course supports the major policies of the alliance.

Wat die regbank betref, ondergaan Suid-Afrika na 1994 'n soortgelyke oorgangsperiode. Hier neem dit egter veel langer om die oorgang te voltrek vanweë die feit dat daar voor 1994 bykans geen regters vanuit die ANC-dampkring op die regbank was nie. Die transformasie van die regbank, om te verseker dat die profiel en die denke daarvan oor die algemeen met dié van die politieke bewindhebbers strook, geskied soms met 'n verlies aan gehalte. Soms word dit kru gepropageer en deurgevoer. Die proses en die oogmerke daarvan is egter nóg abnormaal nóg buitengewoon. Dit strook met die rol van regbanke in alle demokrasieë en met die veranderings wat regbanke moet ondergaan ten einde hulle breedweg deel van

die politieke magselite te maak en met die politieke uitgangspunte van dié magselite in pas te bring. Baie van die huidige ontsteltenis oor die transformasie van die regbank is toeskryfbaar aan 'n geromantiseerde beskouing oor wat onafhanklikheid van die regbank werklik behels. Dit is gedurende die grondwetlike onderhandelings opgetower en daarna gepropageer.

Doeltreffendheid

Weens sy rol as die mees gesaghebbende toepasser en beregter van die *soewereine* grondwet, beskik die regbank inderdaad oor die grondwetlike bevoegdheid om deur middel van sy beslissings die regering tot orde te roep en tot bepaalde optrede te probeer verplig. Die vermoë van die howe om dit te doen, is egter om minstens drie redes inherent beperk.

Weens sy rol as die mees gesaghebbende toepasser en regter van die *soewereine* grondwet, beskik die regbank inderdaad oor die grondwetlike bevoegdheid om deur middel van sy beslissings die regering tot orde te roep en tot bepaalde optrede te probeer verplig.

Afhanklikheid

Eerstens, ofskoon die howe enersyds oor 'n grondwetlik voorsiene onafhanklikheid beskik, word dit eweseer deur 'n fundamentele *afhanklikheid* aan bande gelê. Die howe is in die besonder van die uitvoerende gesag afhanklik om sy bevel uit te voer. Indien die uitvoerende gesag weier om dit te doen, of meer subtiel net swygsaam versuim om aan 'n bevel en aan die implikasies daarvan uitvoering te gee, is daar ten slotte niks wat die howe daaraan kan doen nie. 'n Mens kan vandag niks beter doen om hierdie basiese waarheid te onderstreep nie, as om Alexander Hamil-

ton se woorde in *Federalist Paper*, no. 78 aan te haal nie:

The judiciary, on the contrary, has no influence over either the sword or the purse; no direction either of the strength or of the wealth of the society; and can take no active resolution whatever. It may truly be said to have neither FORCE nor WILL, but merely judgment; and must ultimately depend upon the aid of the executive arm even for the efficacy of its judgments.

Hedendaagse grondwette – ook die huidige Suid-Afrikaanse Grondwet – weerspieël 'n skerp bewussyn van hierdie afhanklikheid van die howe deur voor te skryf dat die ander takke van staatsgesag die onafhanklikheid en doeltreffendheid van die howe moet bevorder. In die lig van die inherente swakheid van die regbank, is so 'n bepaling natuurlik begryplik en noodsaaklik. Dit is vanselfsprekend dat die howe, wat juis van die onderskraving van die ander takke van staatsgesag afhanklik is, nie oor die vermoë beskik om dié onderskraving af te dwing nie. Juis vanweë die onafdwingbaarheid daarvan, is sulke (noodsaaklike) bepalings egter nouliks meer as 'n versugting.

Judisiële selfbeheersing

In 'n demokrasie het politieke posbeksleërs tweedens hulle legitimititeit aan populêre instemming te danke. Regsprekers aan die ander kant is nie verkies nie en kan nie uitgestem word nie. Juis daarom is daar 'n verpligting op die regbank om met nougesette selfbeheersing op te tree wanneer dit kom by die beoordeling van die handeling van wetgewer en die uitvoerende gesag wat deur die kiesers daargestel is. As onverkose ampsbeksleërs moet regsprekers daarop bedag wees om nie die wil van die meerderheid te geredelik te frustreer nie. Indien hulle dit wel doen, loop hulle die gevaar om aan legitimititeit in te boet en die ondersteuning van die wetgewer en uitvoerende gesag, waarvan hulle so afhanklik is, te verbeur. Judisiële selfbeheersing (*judicial restraint*) met betrekking tot die besluite en handeling van die populêre ondersteunde wetgewer en uitvoerende gesag is daarom 'n goedgevestigde oriëntasie (indien nie 'n vol-

skaalse regsbeginsel nie) waarby enige wyse regbank nougeset hou. Judisiële selfbeheersing is die voorwaarde vir die voortgesette funksionering van die regbank. Dit het egter tegelyk die effek om die regbank beduidend aan bande te lê. Dit is juis om hierdie rede dat die regbank nie by magte is – en dit trouens ook nie van hoewe verwag kan word nie – om 'n politieke program wat die wetgewer as van belang ag, en in die besonder een is wat groot populêre steun geniet, te ontwrig nie.

Die regerende elite se wil bekragtig

Derdens, as deel van dieselfde magselite (na die afhandeling van oorgangsfases) wat op 'n politieke magsverskuiwing volg, is die uitsprake van hoewe oor politiek-gevoelige kwessies oor die algemeen in ooreenstemming met die uitgangspunte van die toonaangewende regerende elite. Dit beteken nie dat hoewe nie uitsprake teen die regering sal gee nie. Sulke uitsprake val egter gewoonlik binne die raamwerk van die aannames wat binne die regerende elite heers. Soos Dahl dit stel:

It follows that, within the somewhat narrow limits set by the basic policy goals of the dominant alliance, the Court can make national policy. Its discretion, then, is not unlike that of a powerful committee chairman in Congress who cannot, generally speaking, nullify the basic policies substantially

agreed on by the rest of the dominant leadership, but who can, within these limits often determine important questions of timing, effectiveness and subordinate policy.

Buiten die punte waarna kortliks hier verwys is, sou nog veel meer genoem kon word. Dié wat egter wel aangeraak is, is reeds genoeg om te beklemtoon dat ons ons nie te maklik deur die gepropageerde maar ongegronde leke-idees oor die onafhanklikheid en die mag van die regbank moet laat mislei nie. Enige regbank is 'n integrale deel van die regerende magselite en het op sy beste 'n besonder beperkte juridiese vermoë om die politieke gang van sake te beïnvloed. Indien die regbank bekwaam, ywerig en goed ondersteun word, funksioneer dit ten beste om polities nie-omstrede private geskille te bereg en vermeende misdadigers te verhoor en te straf. 'n Instelling om politieke maghebbers in hulle spore te stuit, is die regbank egter beslis nie en kan dit trouens ook nie wees nie.

Die regbank funksioneer ten beste om polities, nie-omstrede, private geskille te bereg en misdadigers te verhoor en te straf – nie om politieke maghebbers in hulle spore te stuit nie.

WOORD & DAAD op die internet! /

WORD & ACTION on the internet!

http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html

UserID en wagwoord kan aangevra word by:

UserID and password can be obtained from:

Erika.Otto@nwu.ac.za

Nog 'n toets! Nog 'n opdrag! Wanneer is dit genoeg?

Mechaela Scott van Wyk

Akademiese Steundienste, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Assessering, net soos oor-assessering, is 'n alledaagse verskynsel. Elke geskape werklikheid, ook die mens, word gedurig in terme van aard, funksionering en resultaat geanaliseer, gemeet en volgens spesifieke kriteria geklassifiseer. So word soortgelykes met mekaar vergelyk en in 'n rangorde tussen goed, beter of beste ingepas. Die universiteitswese is geen uitsondering op hierdie reël nie. Nasionaal en internasionaal word hoëronderwysinstellings onderwerp aan ouditte en word onderskei tussen swak en goeie universiteite op grond van kriteria wat onderrig, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid meet. Die bepaling van kwaliteit is egter net so effektief as wat die metingsinstrumente dit toelaat, veral waar dit oor die meting van leer in 'n akademiese konteks gaan. Meting of assessering is waarskynlik vir enige student – en ook vir die ouers – die belangrikste komponent van studie, want dit bepaal ten slotte of die student die kwalifikasie gaan verwerf al dan nie.

Meting of assessering is waarskynlik vir enige student – en ook vir die ouers – die belangrikste komponent van studie, want dit bepaal per slot van sake of die student die kwalifikasie gaan verwerf al dan nie.

Alhoewel belangrik, kan assessering nooit leer as fokus vervang nie. 'n Genoegsame aantal assesseringstake binne 'n afgeba-

kende tydperk behoort uitsluitlik gerig te word op die bevordering van leer-effektiwiteit. Tyd plus energie-uitset moet dus die aard van die leer- en assesseringstaak balanseer en die assesseringstelsel van 'n instelling moet aanvaarbaar wees vir akademiese personeel en nie hulle alreeds swaar werkslading verder verhoog nie.

Wat is die verband tussen leer en assessering?

Leer word algemeen gedefinieer as 'n aktiewe, konstruktiewe, doelgerigte en kumulatiewe proses waartydens inligting tot kennis verwerk word. Leer is dus 'n aktiewe handeling of proses wat eie (brein)aktiwiteit impliseer. *Konstruktief* dui op die aktiewe interpretasie van nuwe inligting in konteks van voorkennis sodat verstaan kan plaasvind. *Doelgerigtheid* onderskei akademiese leer van insidentele leer (leer wat “per ongeluk” gebeur) en het ook die konnotasie van fokus en beplanning. In die konteks van uitkomstgebaseerde leer fokus uitkomst die leerhandeling. Die *kumulatiewe* aard van leer, handel oor die konstruktiewe aard daarvan, omdat nuwe leer bou op vorige leer, hetsy direk of indirek.

Die *leerhandeling* is egter baie meer kompleks as die gegewe definisie, soos blyk uit die vlakbeskrywers per studiejaar wat in die aanvaarde Hoëronderwys Kwalifikasieraamwerk (HOKR) voorkom. Die leerhandeling kry gestalte in *kognitiewe vaardighede* wat op 'n minimum aanvaarbare *kennis- en bevoegdheidspeil* (formaat van kennis) uitgevoer moet word ten einde 'n spektrum probleme met ge-

kwalfiseerde kompleksiteit met 'n spesifieke mate van *outonomie* (selfstandigheid) te kan oplos. Laasgenoemde vlak van outonomie beïnvloed assessering in so 'n mate dat die aantal assesserings afneem namate die outonomie van leer met verloop van studiejare (jaarvlakke) toeneem. Assessering moet fokus op sowel die kognitiewe vaardighede as die kennis waarop dit uitgevoer word.

Daar is dus 'n direkte verband tussen die aard van leer en die aard van assessering deurdat die een die ander beïnvloed. Assessering moet dit wat geleer is betroubaar, geldig, tydig en genoegsaam meet. Dit is waar die probleem ontstaan: nie soseer ten opsigte van die betroubaarheid en geldigheid van assessering nie, maar wel ten opsigte van die tydigheid en genoegsaamheid daarvan. Hoeveel assesseringsgeleenthede in die verloop van 'n semester is nodig om te bepaal wat die student se kognitiewe vaardigheidsvlakke en kennis is? Hoe effektief meet 'n 2-uur-eindeksamenvraestel 'n student se kennis en vaardighede wat hy oor 'n tydperk van 'n jaar of semester verwerf het? Soos 'n IK-telling, is 'n eksamenpunt ten slotte slegs 'n benaderde weergawe van 'n gedeelte van dit waartoe die student op 'n gegewe tydstip in staat is.

Een assesseringsgeleentheid kan dus nie 'n betroubare weergawe van die individu se kennis en vaardighede gee nie; herhalende en 'n verskeidenheid assesseringswyses is 'n meer betroubare bron daarvan. Daarom dan die begrip deurlopende of kontinue assessering, met as eindpunt summatiewe assessering wat 'n opsommende beeld bied. Vervolgens word gefokus op die proses en doel van kontinue formatiewe en summatiewe assessering op universiteitsvlak.

Die proses en doel van assessering

Akademiese assessering van leer kan beskou word as die neem van 'n steekproef van dit wat studente op 'n gegewe tydstip weet en kan doen; die maak van gevolgtrekkings daaruit; en die skatting van die waarde van die leerhandeling in die vorm van 'n punt. Vanuit 'n uitkoms-

gebaseerde onderrig- en leerbenadering bepaal die uitkomste (wat relevant is vir die spesifieke assesseringsgeleentheid) die aard en omvang van die steekproef.

Die steekproef wat in die assesseringsinstrument neerslag vind, moet dus 'n gebalanseerde greep uit al die uitkomste bevat wat vir 'n spesifieke assesseringsgeleentheid gespesifiseer is om enigsins as 'n geldige en betroubare steekproef beskou te word. Assesseringsinstrumente of -metodes, (soos meervoudige-keuse toetse, opsteltipe toets- of eksamenvraestelle, referate of mondelinge voordragte) sal gevolglik volgens die aard van die uitkomste verskil, wat weer grotendeels verskil tussen dissiplines en vir die onderskeie studiejare.

Die proses van assessering is dus net so eenvoudig of kompleks as die aard van die dissipline en die tipe uitkomste waarop die steekproef uitgevoer moet word.

Die doel van assessering

'n Tweede faktor wat assessering bepaal, is die vraag waarom die assessering uitgevoer word (dus die doel van die assessering). Dit kan wees om:

- aan studente terugvoer te gee sodat hulle leer kan verbeter;
- aan die dosent terugvoer te gee oor hoe effektief en suksesvol hy/sy is om leer by studente te bevorder;
- studente te motiveer om te leer;
- studente in staat te stel om foute reg te stel en leemtes te remedieer;
- studente se leer te konsolideer (omvangryker toetse en langer opdragte);
- studente 'n idee te gee van wat die dosent verwag hulle moet leer; en
- sowel die student as die dosent aan die einde van 'n module, jaar of kwalifikasie 'n beeld te gee van die ware stand van die student se kennis, vaardighede en bevoegdhede – uitgedruk in 'n presasiepunt.

Assessering kan geskied met die doel om leer deurlopend te bevorder (*formatiewe assessering*) én om die eindstandaard of -prestasie van die leerhandeling te bepaal (*summatiewe assessering*).

Bovermelde redes kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik assessering met die doel om leer deurlopend te bevorder (dus *formatiewe assessering*) en assessering met die doel om die eindstandaard of -prestasie van die leerhandeling te bepaal (dus *summatiewe assessering*). *Formatiewe (formative) assessering* sê presies wat dit is: dat die assesseringsgeleentheid (die fisiese skryf van die toets of uitvoer van die opdrag), sowel as die terugvoer op die assessering, die student se kennis en vaardighede moet verbeter. Dit is 'n inoefeningsgeleentheid wat nie net die vermoë verbeter om kennis met behulp van vaardighede toe te pas nie, maar ook die geleentheid skep vir monitering van tot op watter vlak die kennis en vaardighede is en of dit op peil is vir die spesifieke tyd wat daaraan spandeer is. By *formatiewe assessering* "heiligh die doel" inderdaad die "middele". *Formatiewe assessering* het as "doel" die verbetering, inoefening, vaslegging, of remediëring van kennis en vaardighede; die "middel" om die doel te bereik is 'n assesseringsgeleentheid ongeag die metode van assessering ('n projekverslag, 'n semestertoets of 'n klasopdrag).

Formatiewe assessering verskil van *summatiewe assessering* deurdat die doel verskil, naamlik om die student se vermoë in 'n module te bepunt ten einde te bepaal of hy/sy druipe of slaag en hoe goed hy/sy slaag; dus 'n klassifikasie van hoe goed die student sy kennis, vaardighede en bevoegdheid kan demonstreer en gebruik. Hierdie vorm van assessering is 'n uittreepunt van die module; 'n afsluiting met geen terugvoer behalwe die punt nie.

Volgens Trotter kan enige rede (of doel) tot assessering verder in drie hoofemas verdeel word: om leer te bevorder, om terugvoer te verskaf en om leermotivering te verbeter.

Hoe beïnvloed assessering leer?

'n Formatiewe assesseringsgeleentheid bied die kans aan die student om 'n paar individuele uitkomste geïntegreerd tot 'n geheel in te oefen, soos byvoorbeeld in 'n toepassing of probleemoplossing.

Assessering is vir die student 'n leerleentheid; 'n inoefeningsgeleentheid om kennis en vaardighede te integreer en toe te pas binne sekere kontekste. Tydens onderrig en selfstudie fokus dosent en student op die individuele uitkomste van 'n leertema of -taak. 'n *Formatiewe assesseringsgeleentheid* bied die kans aan die student om 'n paar individuele uitkomste geïntegreerd in te oefen tot 'n geheel, soos byvoorbeeld in 'n toepassing of probleemoplossing. Die inoefening word gemoniteer en terugvoer word aan die student verskaf. 'n Student leer dus ener syds sodat hy spesifieke kennis en vaardighede kan bemeester, maar andersyds, omdat hy/sy geassesseer gaan word. Leer is dus ook assesseringsgedrewe. Assessering het waarskynlik meer invloed op hoe en wat studente leer as enige ander individuele veranderlike; tot so 'n mate dat daar sprake is van belyning tussen onderrig en assessering deurdat assessering leer versterk.

Watter invloed oefen terugvoer na assessering op leer uit?

Terugvoer is die toetssteen vir die klassifikasie van die assesseringstipe. Ongeag

die formaat of omvang van die assesseringsgeleentheid en -instrument(e), verskaf terugvoer op summatiewe assessering slegs inligting oor die vlak van 'n student se leerprestasie. Terugvoer op formatiewe assessering, ongeag die formaat of omvang van assessering, verskaf inligting oor die aard van bemeestering met die doel om verdere leer te verbeter. Formatiewe assessering dryf die leerproses, omdat dit verandering of remediering teweegbring en opvolgende leer verbeter. Assessering en terugvoer moet dus tydig en gereeld geskied sodat geleenthede geskep kan word vir verdere herhaling/hersiening en terugvoer.

Binne die konteks van hoëronderrig (in die RSA spesifiek omdat dit gereuleer word deur 'n Nasionale Kwalifikasieraamwerk met vlakbeskrywers), moet assessering en terugvoer egter met diskresie geskied aangesien oormatige assessering en terugvoer studente oorafhanklik maak van die dosent en gevolglik hulle selfstandige leer negatief beïnvloed. Studente behoort by uittrede uit 'n kwalifikasie onafhanklik te leer en grotendeels op selfevaluering en selfrefleksie staat te maak om hulle vlak van bemeestering te bepaal.

Die verband tussen assessering en die leerder se motivering

Laastens kan assessering leermotivering versterk, veral as dit opgevolg word deur tydige terugvoer. Dit geskied egter slegs wanneer assessering met leer geïntegreer word sodat dit wat geassesseer word die totale leerervaring meet, en nie slegs die kennis nie. Die leerproses (vaardighede uitgeoefen op inligting om te kom tot eiesoortige kennis) moet dus net soveel as die leerprodukt geassesseer word sodat *diepleer* bevorder kan word. Diepleer kan omskryf word as leer-met-verstaan sodat toepassing sinvol kan geskied. *Vlakleer*, daarenteen, behels die blote memorisering van inligting, dikwels sonder begrip, sodat toepassing oneffektief is.

Leer deur assessering word gemotiveer wanneer dit druk plaas op 'n student wat nie lus is om te leer nie, maar dit tog doen.

Die dosent verskaf dan nie net die uitkomst en fasilitering vir leer nie, maar ook die nodige motivering om die leerhandelinge binne die bestek van 'n sekere tyd tot op 'n minimum standaard te voltooi. Assessering as vorm van ekstrinsieke motivering, moet egter met oorleg plaasvind om oormatige afhanklikheid by studente teen te werk.

Die keuse van assesseringsmetodes as “middel tot die doel”

As die doel van 'n spesifieke assessering geïdentifiseer is, volg die vraag: Watter metode(s) gaan ek onder heersende omstandighede aanwend om die doel te bereik? Die “heersende omstandighede” is die kernfaktor wat die keuse van 'n metode beïnvloed: klasgrootte en die mate van kontrole wat uitgeoefen kan word is belangrike veranderlikes binne hierdie faktor. *Gekontroleerde* omstandighede veronderstel sekuriteit ten einde die integriteit van die assessering te verseker. Sekuriteit het verskillende dimensies: die geldigheid en betroubaarheid van die assesseringsmetode en/of -instrument (sluit ook die memorandum in), sowel as sekuriteit ten opsigte van die wyse waarop en waaronder die assessering geskied. Laasgenoemde verwys onder andere na die toesighouding by lokale. Formatiewe en summatiewe, sowel as skriftelike en mondelinge assessering, moet aan kontrole onderworpe wees.

As die doel van assessering en die omstandighede waaronder dit gaan plaasvind bepaal is, is die vraag watter enkele metode gaan die beste “pas”. Die keuse kan uit 'n wye verskeidenheid assesseringsmetodes gemaak word. Hulle kan verdeel word in skriftelike metodes (klas- en groter toetse, eksamenvraestelle, opdragte, laboratoriumverslae, ens.) en mondelinge metodes (rolspel, referaatvoordragte, mimiek, mondelinge eksamen, debatte, ens.). Elkeen van die twee groepe kan verder verdeel word in individuele metodes (meervoudige keuse-toetse, eksamenvraestelle, individuele voordrag, klaswerkoefening, ens.) en groepmetodes (groepsrolspel, groepsreferaat, ens.).

Elkeen van genoemde skriftelike en mondelinge assesseringsmetodes kan formatief of summatief aangewend word. Die doel van die assessering en die aan- of afwesigheid van konstruktiewe terugvoer bepaal die definisie van die assessering as formatief of summatief.

Akademiese tyd in terme van onderrig, leer en assessering

Die laaste vraag wat ten opsigte van assessering nog onbeantwoord gebly het, is hoeveel tyd daaraan afgestaan behoort te word. Die mees logiese antwoord op hierdie vraag is waarskynlik, volgens Trotter, die volgende:

Belangrik soos dit is, mag assessering nooit leer as fokus vervang nie en moet dit ook nie 'n té swaar las op die dosent of die student plaas nie. Tyd plus energie-uitset moet die aard van die leer- en assesseringstaak balanseer en die assesseringstelsel van 'n instelling moet vir akademiese personeel aanvaarbaar wees en nie hulle reeds swaar werkslading verder verhoog nie.

Assessering mag nooit leer as fokus vervang nie en moet ook nie 'n té swaar las op die dosent of die student plaas nie.

Ten slotte word die laaste woord oor die aantal assesserings per module gespreek deur elke universiteit se individuele Assesserings- en Modereringsbeleid, soos toegepas volgens die aard en behoeftes van 'n spesifieke fakulteit, skool en dissipline. Wat by 'n ingenieursmodule in ontwerp pas, pas nie noodwendig by 'n regsmodule in kontrakte nie. Eersgenoemde is gerig op deurlopende fasespesifieke selfassessering per groep, totdat die eindproduk in 'n verslag vasgelê word. Laasgenoemde benodig toetsing van feitekennis voordat toegepaste vaardighede in feitestelle ingeef word en in 'n finale skriftelike eksamen bepunt word. Die oorbekende slagspreuk: "One size doesn't fit all" is dus by uitstek op assessering van toepassing!

Chalke, Steve. 2009. Mense wat 'n verskil maak: 25 praktiese lesse hoe om dinge gedoen te kry. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 158 p. Prys: R89,95. ISBN: 978 07963 0778 1.

Resensent: C. Reinecke
Potchefstroom

"Ek is vyftig jaar oud en ek loop mank." As dit is hoe jy voel en jy is 'n leier – meer spesifiek 'n kerkleier – hou moed! Hierdie is die woorde van 'n man wat volgens die omslag "n sterwende middestadgemeente in Londen tot 'n polsende geloofsgemeenskap omskep" het en wat onder andere in 2004 'n MBE van die Britse koningin vir sy werk op maatskaplike gebied ontvang het. Chalke stel homself voor as 'n gemiddelde pastorale soort ou wat te midde van 'n lewe gekenmerk deur stres en wanorde met sy eie menslike broosheid worstel. Selfvertwyfel, onsekerheid oor die wil van God, veral as jy 'n nuwe idee wil invoer, die klag oor onderwaardering en selfbejammering as die vermoëienis toeslaan, selfs 'n gevoel van verwydering van die Here vorm deel van sy stryd.

Oor die *essensie van leierskap* twyfel die skrywer nie. Vir hom beteken dit om nuwe rigting aan te dui en vooruitgang te lei! 'n Visie – nie klein plannetjies wat die harte van mense onaangeraak laat nie – is die dryfkrag van 'n leier, veral waar groot veranderinge aangepak moet word. Die leier sien dinge waarvoor ander blind is en het die moed om die onbekende te betree. Daarom weet die kerkleier dat die skat van die evangelie nooit geëer word as dit in die grond begrawe word nie. Deur leer en probeer verwerk hy te midde van sy gemeente die frustrasies wat met die *beginsels van leierskap* in die praktyk gepaard gaan. Die leier móét besluite neem en besef die swakste besluit is om nie 'n besluit te neem nie. Hy moet egter ook besef dat konflik gaan volg, want hy werk met *mense*.

Terwyl die mense wat hy lei meermale sy moed in sy skoene laat sak, erken die skrywer terselfdertyd dat *mense* die bron van krag in sy leierskap is – sy pa en ma met hulle goeie raad, sy vrou wat hom plat op die aarde hou, sy vriende, simpatieke en minder simpatieke gemeentelede en kwaai kritici. Bybelse verwysings is spaarsaam, maar goed geïntegreer in sy soeke na Bybelse kernbeginsels vir 'n eietydse Christus-gesentreerde gemeenskap. Hy beroep hom op Jesus se woorde dat nuwe wyn nie in ou sakke gegooi moet word nie. Soms vind hy verrassende antwoorde. Op grond van die verkiesing van die eerste sewe diakens kom hy tot die revolusionêre en bevrydende insig dat die oplossing vir die oorbelaaiete kerkleier die skeiding van leierskaps- en bestuursfunksies is. Dit is dus sinvoller om liever 'n bestuurder as byvoorbeeld 'n medeleraar of jeugwerker aan te stel. Sy afhanklikheid van God verklaar hy onomwonde: “Sonder Hom is dit klaarspeel met ons – ek twyfel nie vir 'n breukdeel van 'n sekonde daaraan nie.” (p. 52.) In teenstelling met sy sobere omgang met die Bybel, word – tipies van dié populêrbesinnende genre – die woorde en oortuigings van groot en klein geeste uit alle tye en sferes ingeroep om steun en krag aan sy argumente te verleen. Elke leser sal maar volgens sy eie belesenheid en kritiese vermoë moet oordeel hoeveel hy daardeur beïndruk word (Einstein 'n *astrofisikus*?).

Die 25 informele lesse is genotvolle leesstof oor die deurgetrapte onderwerp van leierskap. Dit is nie 'n handboek met die oog op goed afgeronde beroepsplui nie. Daarom is daar nie logies georganiseerde opskrifte en beginsels in kolparagrafe nie. Die onderwerpe of opskrifte van die hoofstukke speel met kernbegrippe en beginsels van leierskap in die omgangstaal, byvoorbeeld in die siening van 'n visie: “Jy kan nie doen wat jy jou nie kan voorstel nie” (p. 141); of in dié padlangse beginsel in besluitneming: “Jy kan nie almal se beste maat wees nie” (p. 31). Sleutelgedagtes word teen die bladsye “vasgesteek” in 'n verskeidenheid mnemoniese “kaartjies” of skadublokkies – driehoek, vierkant, reghoek en sirkels. Die tipografiese ontwerp van die leiersilhoeët en sy volgelingen in die hoofstukopskrifte is sinvol en fyn – ook die omslagontwerp. Die kort hoofstukke en gerieflike lettergrootte pas in die kader van populêre leesstof. 'n Paar taalslordighede en taalongemaklikhede veroorsaak ongelukkig dat die boek nie 'n toekenning vir algehele uitmuntendheid sou kry nie. So klink “Die lewe gaan gou” (“Life goes quickly”?; p. 108) baie ongemaklik op die Afrikaanse oor.

Uiteindelik is dit die selfontluisterende humor wat die leser uitnooi om saam met die skrywer nie net verligting vir leierskapsfrustrasies te vind nie, maar om ook moed te skep vir die taak en roeping van 'n leier – 'n kerkleier, want God hét wonderlike dinge deur die brose, maar kennelik begaafde Steve Chalke vermag. Dit sal die leser agterkom wanneer hy/sy die boek lees.

Graham, Ruth & Mattingly, Stacy. 2008. 'n Stukkende hart op elke sitplek: hoop vir dié wat seer het. Wellington: Lux Verbi.BM. 288 p. Prys: R129,95.
ISBN: 978 07963 0776 7.

Resensent: C. Reinecke
Potchefstroom

Billy Graham skryf in die voorwoord van dié boek deur sy dogter Ruth en haar mede-outeur die volgende: “Ruth het vir ons gesê haar grootste begeerte met die prysgawe van haar privaatheid deur haar persoonlike ervaring eerlik in dié boek te deel, is dat dit mense wat 'n traumatiese ervaring beleef, sal help en dat dit insig sal bied aan diegene wat probeer om 'n vriend(in) of geliefde wat deur diep waters gaan te help.”

Ruth Graham het geborge grootgeword. Sy kom uit 'n wêreldbekende Christenfamilie waar haar ouers en grootouers vir haar voorbeelde van onwankelbare geloof was, selfs onder die moeilikste omstandighede. Bybelstudie en 'n gereelde “afspraak” met die Here was vervleg met haar lewe. Alhoewel sy soms oor die vraagstuk van lyding nagedink het, was dit iets wat ander mense ervaar het. Nadat sy ontdek het dat haar man ontrou was, dring dit gaandeweg tot haar deur dat ook sý ly. Sy worstel met skuldgevoelens, die vermoë om te vergewe en die vermoeiende stryd om die beeld van 'n netjiese en ordentlike lewe na buite te handhaaf. Haar uiteindelijke egskeiding maak haar uiters kwesbaar en sy neem impulsiewe besluite wat verdere lyding meebring. In die proses word haar drie jong kinders erg ontwrig met pynlike gevolge. Sy kom by 'n punt dat sy, dogter van Billy Graham, haar lewe in die woorde van Jesaja 51:3 as 'n

“puinhoop” beskryf. Dieselfde vers sing egter ook oor die Here se ontferming. Stap vir stap vertel sy hoe Hy haar deur sy liefde op die pad van genesing gelei het. As jy seer het, sal die boek jou help om Hom te midde van jou puin te sien; om die oorsaak van jou lyding vas te stel; om die Here te vertrou; om te besef dat jy nie in afsondering genees kan word nie, maar dat jy mense om jou nodig het; om te besluit om te vergewe en te leer hoe om dit te doen; om in tye van onsekerheid op die Here te wag; om te volhard in jou geloofstryd; en bowenal, om God altyd te loof en te prys.

Ruth vertel haar lewensverhaal onderhoudend en informeel. Op sleutelmomente spreek sy die leser direk aan en nooi hom/haar uit om sy/haar persoonlike ervarings aan die hand van haar eie te verwerk. Die direkte gesprekke met die leser word telkens gevolg deur ’n afdeling, “Vir die een wat omgee”, waarin raad gegee word aan dié leser wat ander wil help. Die dele is tipografies opvallend geïsoleer en kan maklik weer opgespoor word. Aan die einde van elkeen van die dertien hoofstukke sowel as die slotafdeling, is vier kort afdelings: “Herinnerings in tye van swaarkry”, “Wenke vir dié wat omgee”, “Vers om te memoriseer” en “Beginsels om oor na te dink”. In “Herinnerings ...” (ek sou liever “Dinge om te onthou” gesê het) en in “Wenke ...” word onderskeidelik die raad aan die leser vir sy/haar eie omstandighede en dié aan die een wat omgee, puntsgewys opgesom. Hierdie organisasie van die stof, maak die publikasie ’n nuttige “handleiding” in tye van persoonlike nood of wanneer hulp nodig is om ’n vriend(in) of geliefde te ondersteun.

Praktiese dinge wat die skrywer vir die getraumatiseerde persoon aanbeveel en wat ook in die teks neerslag vind, is om altyd oor alles te bid, elke dag jou Bybel te lees *en* te bid, verse te memoriseer, veral uit die psalms, jou daaglikse afspraak met die Here getrou na te kom, soms voor die Here stil te wees, jou ervarings in dagboek op te teken en loflysies op te stel. Die aanbevelings oortuig omdat hulle voortvloei uit die eerlike belydenis en getuienis van iemand wat kennelik diep gely het. Saam met haar kan ons die hemeltaal van die slotafdeling in hierdie lewe begin oefen: om God te loof en te prys.

Talle tikfoute (p. 162: “... die Here stel in jou heelheid *beland*” (kursivering – CR); p. 173: “... maar ek [?] gehoop my huisie en die nuwe omgewing sou my aanspoor ...”; p. 222: “Vier maal beskryf Jesus sy *volgende* so ...” (kursivering – CR); om maar ’n paar aan te dui), skep die indruk van slordige teksversorging en kan gerus reggestel word, indien ’n herdruk ter sprake kom.

Claassens, Julie. 2009. **’n Groter God.** Wellington: Lux Verbi.BM. 133 p.
Prys: R99,95. ISBN: 978 07963 0802 3.

Resensent: *J.P.L. Reinecke (Emeritus)*
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie sagteband boek is tegnies netjies versorg, in keurige Afrikaans geskryf en lees maklik. Op die voorste buiteblad is vyf van die ses klein afbeeldings, wel afbeeldings van Jesus. Op die agterste buiteblad is ’n swart-en-wit foto van ’n man wat aan ’n kruis hang. Die inhoud gaan egter bykans uitsluitlik oor Ou-Testamentiese beelde van God. Die buiteblaaie is dus misleidend.

Die outeur, Julie Claassens, is medeprofessor in Ou Testament aan die Baptist Theological Seminary te Richmond, Virginia in die VSA. Sy het teologie aan Stellenbosch gestudeer en in 2001 ’n Ph.D. in Ou Testament aan die Princeton Theological Seminary in New Jersey in die VSA verwerf.

In die inleiding stel die outeur: “*n Groter God* pleit dus vir ’n *ruimer* (kursivering – JR) Godsbegrip.” (p. 10). En: “Deel van die probleem met ’n eendimensionele uitbeelding van God is dat dit die groeiende gevaar van fundamentalisme aanwakker, wat mense aanmoedig om die Bybel letterlik te lees.” Hierdie resensent stam uit die reformatories-gereformeerde tradisie, wat in die VSA ook die etiket “Religious Right” dra. As die outeur dus die term “fundamentalisme” in die gangbare Amerikaanse betekenis gebruik, is hierdie resensent beslis ’n fundamentalis, ten spyte daarvan dat ek Genesis 1 en 2 nie letterlik verstaan nie en ook harstogtelik daarna uitsien dat vroue eendag hulle regmatige plek in die Gereformeerde Kerke sal inneem.

As ek die outeur reg verstaan, lees sy nie die Ou Testament as God se openbaring aangaande Homself (die outeur gebruik konsekwent die woorde *Godself* of *Sigself*) nie, maar as ’n verhaal wat Israel se godsdienstige praktyke en Israel se denke oor onder andere God beskryf. So tipeer

sy op p. 42 die skeppingsverhale in Genesis 1-2 as "... pogings ... om *teologies* oor die wetenskap van hulle tyd na te dink ...".

Een van die beelde van God wat in hierdie boek "verruim" word, is die beeld van God as Skepper. Oor Genesis 1:26 "Toe het God gesê: 'Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, ...'" skryf Claassens op p. 42: "Hierdie teks word gereeld gebruik as 'n bewys dat die Drie-eenheid ook in die Ou Testament te vind is, maar die Drie-eenheid is 'n *teologiese begrip* (kursivering – JR) wat eers 'n paar eeue ná die totstandkoming van die Nuwe Testament formeel vorm aangeneem het. Wat ons eerder in hierdie teks sien, is die beeld van God wat nie alleen in die hemel is nie en wat kies om nie op sy eie besluite te neem nie. Die Genesis-skrywers beeld God dus uit as inherent in verhouding met ander, die God wat kies om die skeppingsproses met vertroueling te deel."

Hierdie beskouing het belangrike implikasies. Claassens verwys op meer as een plek na die Babiloniese ballingskap as 'n chaotiese tydperk in Israel se bestaan. Na aanleiding van Jesaja 46 waarin beskryf word hoe God die koning Kores gaan gebruik om Jerusalem te herbou, skryf sy op p. 49: "Die beeld van God wat ander nasies gebruik om God te help om die wêreld te herskep, om weer orde in die chaos te bring, hou verband met die alternatiewe verstaan van God as Skepper wat reeds in Genesis 1-2 na vore getree het. God is nie 'n God wat alleen skep nie, maar gebruik mense as medewerkers om die skepping tot stand te bring wat God wil hê."

Die outeur ontdek ook "skokkende" beelde van God in die Ou Testament. In Esegïel 16 word Jerusalem in beeldryke taal beskryf as God se geliefde vrou wat haar soos 'n prostituee gaan gedra het. In verse 39 en 40 word Jerusalem se straf dan beskryf: sy sal kaal uitgetrek word en ten slotte gestenig word. Esegïel 16 eindig met die positiewe belofte dat God sy vrou, nadat sy haar straf gedra het, weer sal terugneem en in ere herstel. Oor Esegïel 16 en 23 en Hosea 1-3 skryf Claassens op p. 96: "Skokkend. 'n Mens kan nie anders as om uiters geskok te wees oor die God wat in hierdie tekste beskryf word as 'n man wat vroue mishandel, en wreed en gewelddadig optree." Hier ontdek sy die "beeld van God as vroueslaner". Op p. 99 skryf sy verder: "Die geweld wat hier teen vroue uitgebeeld word is, om die minste te sê, onaanvaarbaar. Hierdie tekste beeld liggaamlike aanranding uit as 'n manier hoe mans hulle vrouens kan beheer."

Die belofte van herstel van die gebroke verhouding aan die einde van Esegïel 16 "skep probleme" vir die outeur (p. 99), want "Kenners van vrouemishandeling sê dit gebeur gereeld dat mans wat hulle vroue aanrand, agterna vreeslik liefdevol is. Die vroue neem dan weer die verhouding op in die hoop dat dit dié keer anders sal wees. Aangesien dit 'n bese kringloop is, herhaal die geweld sigself egter keer op keer." Dit lyk my dat dit vir die outeur "problematies" is dat daar aan die einde van Esegïel 16 vergewing en herstel vir Jerusalem in die vooruitsig gestel word, omdat hedendaagse ervaring leer dat vroueslaners nie rehabiliteerbaar is nie!

In die hoofstuk "God as 'n magtige kryger" bied die outeur nuwe insig oor hoe die boek Josua verstaan moet word. Na aanleiding van die opdrag aan Josua om al die volke in die beloofde land uit te wis, haal die outeur op p. 88 uit 'n ander werk aan: "... dat (die boek) Josua se uitbeelding van die Goddelike opdrag om al die nasies uit te wis, nie soseer die werklikheid reflekteer nie as dat dit deel vorm van die Bybelskrywers se poging om 'n nasionale identiteit te vestig. Deur middel van geweldstaal skep die regering van die dag duidelike grense wat bepaal wie ingesluit is en wie nie, om te kompenseer vir hulle eie gevoel van magteloosheid." Onder aan dieselfde bladsy konkludeer die outeur: "Dit is dus moontlik dat die retoriek van geweld wat in Josua na vore kom, minder met God se wil te doen het as met die oorlewingsmeganisme van mense wat bang en onseker voel. Hierdie *insig* (kursivering – JR) help ons om nie die Goddelike geweldstaal in die Bybel onnadenkend oor te neem nie."

Alhoewel daar pragtige waarheidsmomente in hierdie boek is, is die manier waarop die Bybel daarin hanteer word om tot 'n "ruimer" Godsbegrip te kom, vir hierdie resensent heeltemal onaanvaarbaar en daarom kan ek die boek nie met vrymoedigheid aan alle lesers aanbeveel nie. Lees dit egter gerus as u nuuskierig is om agter te kom hoe 'n feministiese aanpak in die teologie lyk.